BELANGRIKE VERKIESING INFORMASIE

# SPESIALE STEMME

## ALLES WAT JY BEHOORT TE WEET

# DINSDAG, 26 APRIL IS SPESIALE STEMDAG

Op die dag, voor die normale stemdae van 27 en 28 April, moet mense met spesiale omstandighede stem.

**WIE HET SPESIALE STEMME?**

- Mense in hospitale en verpleeginrigtings
- Bejaarde mense in ouetehuise, of wat hulp nodig het
- Mense in inrigtings of gemeenskapsentrums wat fisies ongeskik is
- Swanger vroue
- Sieklike mense wat nie kan staan en wag vir lang tydperke nie

**WAAR KAN JY 'N SPESIALE STEM UITBRING?**

- Spesiale stempunte en mobiele stempunte sal in die pers bekend gemaak word
- Radioflitse sal ook besonderhede van spesiale stempunte bekend maak
- Stempunte sal in al die kiesdistrikte en by institutsies en gemeenskapsentrums beskikbaar wees

**WATTER HULP SAL DAAR WEES?**

- Amptelike kiesbeamptes en monitors sal teenwoordig wees by alle stempunte om diegene te help wat fisiese hulp benodig
- Hulp sal verleen word aan diegene wat moeilik lees, skryf, of nie die prosedure verstaan nie

**WAT HET JY NODIG OM TE STEM?**

- Jy benodig geskikte identiteitsdokumente, soos wat reeds in die ander OVK-mededelings bekend gemaak is

**WAT GEBEUR AS EK BEDLÊEND IS?**

- Die administrasie van jou institusie sal reël vir spesiale kiesbeamptes om jou persoonlik te besoek
- Indien jy nie in 'n institusie is nie, tree in verbinding met jou plaaslike kiesbeampte of sy/haar plaasvervanger, vir spesiale reëlings om tuis te stem
- Hospitaal- of institusiepersoneel sal nie op 26 April kan stem nie

**WATTER BEWYS BENODIG EK VAN MY TOESTAND?**

- Geen geskrewe bewys van ongeskiktheid of gevorderde ouderdom is nodig by enige stempunt nie
- Die administrasie van jou hospitaal of institusie sal jou toestand bevestig

**KAN EK NET OP 26 APRIL STEM?**

- Ja, indien jy wil gebruik maak van 'n spesiale stem en skares en toustanery op die gewone stemdae wil vermy

**IS DAAR FASILITEITE VIR ROLSTOELE?**

- Indien daar geen oprybaan is by die plek waar jy wil stem nie, sal hulp verleen word om jou te help om verby enige hindernisse te kom

**WAT VAN TOILETTE?**

- Elke moontlike poging word aangewend om toiletfasiliteite by alle stempunte te voorsien

**WAT GEBEUR INDIEN EK NIE MY ARMS KAN GEBRUIK NIE?**

- Die voorsittende beamptes en monitors het 'n eed van geheimhouding afgelê en hulle sal jou help om te stem en sal jou stem 'n geheim hou
- Omdat jy nie met onsigbare ink op jou hande gemerk is nie, sal 'n geheime merk op jou indentifikasiebewys gemaak word, of sal jou tydelike ID ingeneem word en spesiale kennis van jou naam geneem word
- Dieselfde is van toepassing indien jou hande bewerig is, of jy te veel bewe om jou merk te maak

**WAT GEBEUR AS EK BLIND IS?**

- Jy kan deur 'n vriend of 'n lid van jou gesin wat bo 18 jaar oud is, gehelp word
- Alternatiewelik, sal die voorsittende beamptes en monitors jou help omdat hulle 'n eed van geheimhouding afgelê het

**KAN EK GEBRUIK MAAK VAN 'N SPESIALE STEM INDIEN EK SWANGER IS?**

- Ja, jy kan op 26 April stem

**ENIGE ANDER NAVRAE?**

- Vir enige ander inligting of antwoorde op vrae wat nie hier verskyn nie, skakel die Onafhanklike Verkiesingskommissie by die onderstaande tolvry nommer

**OVK TOLVRY 0800-11-8000**

IEC

**ONAFHANKLIKE VERKIESINGSKOMMISSIE**

'N VRY EN REGVERDIGE VERKIESING VIR ALMAL